Nal'ibali
DIT BEGIN MET 'N STORIE.

Wêrelddag vir Hardop Lees

saam met Nal'ibali



Stories is kragtig! *Kom ons vlieg!*, is geskryf deur Sihle Nontshokweni, en geïllustreer deur Magriet Brink en Leo Daly. Lees dit hierdie Wêrelddag vir Hardop Lees, 3 Februarie 2021, vir die kinders in jou lewe.

5 aktiwiteite vir Wêrelddag vir Hardop Lees

1. Lees die storie, *Kom ons vlieg!*, op bladsye 2 en 3 vir jou kinders en ander kinders. Oefen 'n paar keer om dit hardop te lees voordat jy dit vir die kinders lees, en onthou om met uitdrukking in jou stem te lees.
2. Voordat jy die storie lees, vra jou kinders of hulle al ooit in 'n vliegtuig gevlieg het, of 'n vliegtuig op TV of in 'n boek gesien het. Moedig hulle aan om hul gedagtes met jou te deel.
3. Nadat jy die storie gelees het, moedig jou kinders aan om dit te interpreteer deur hulle te vra om 'n prent van hul gunstelingdeel van die storie te teken of te verf.
4. Reël 'n Ontmoet-'n-Storie-Oggend op Wêrelddag vir Hardop Lees, of oor 'n naweek. Nooi die kinders om dit saam met hul ouers by te woon. Stel hulle bekend aan boeke wat jy weet goeie boeke is om hardop te lees deur vir hulle uit hierdie boeke voor te lees.
5. Maak jul eie plakkate vir 2021 se Wêrelddag vir Hardop Lees om bewustheid te skep vir die belangrikheid van hierdie dag. Knip saam met die kinders letters en prente uit tydskrifte en koerant, teken prente, skryf jul eie woorde en sinne, en laai prente van die Nal'ibali-webwerf af (gaan na "Story resources" by www.nalibali.org). Skep jul eie slagspreuke of gebruik ons s'n – Deel vandag 'n storie!

Versprei 'n liefde vir stories! Deel hierdie storiehulpbron met ander of deel dit met iemand wat jy ken.

8 voordele van hardop lees

As jy vir jou kinders hardop lees:

- ☑ wys jy hulle dat jy waarde heg aan boeke en lees.
- ☑ gee dit julle dinge om oor te gesels.
- ☑ bou dit 'n band tussen julle.
- ☑ stel dit hulle in staat om lees as 'n bevredigende aktiwiteit te ervaar.
- ☑ motiveer dit hulle om self te leer lees, en om dan aan te hou lees.
- ☑ wys jy hulle hoe ons lees, en hoe boeke werk.
- ☑ laat jy hulle stories geniet wat bo hul huidige leesvermoë is.
- ☑ ontwikkel hulle woordeskat en taalvermoëns.

Hoe om betrokke te raak

Gaan na **www.nalibali.org** of **www.nalibali.mobi** om jou gesin, leesklub of skool in te skryf, of WhatsApp die woord **"WRAD"** na **060 044 2254** en help om hierdie die grootste byeenkoms vir Wêrelddag vir Hardop Lees in Suid-Afrika te maak!



Kom ons vlieg!

Storie deur Sihle Nontshokweni | Illustrasies deur Magriet Brink en Leo Daly
| Vertaal deur Anita van Zyl

Afrika, Dintle en Mme wa Afrika is met 'n bus op pad om vir Gogo te gaan kuier. "Jippie! Uiteindelik is dit vakansie!" sê Afrika en bons op en af op sy sitplek.



"Ssjjj! Jy gaan jou sussie wakker maak," fluister Mme wa Afrika.

"Jammer, Mamma," fluister Afrika.

Afrika probeer stil sit, maar hy kan nie. "Ek wens hierdie ou bus was 'n vliegtuig," sê hy en strek sy arms uit en maak asof hulle vliegtuigvlerke is. "As ons gevlieg het, sou ons lankal by Gogo se huis gewees het."

"Ek weet," sê Mamma, "maar laat sak asseblief jou arms voor jy jou vingers in iemand se oog steek."

"Eish, hierdie bus is so stadig," sug Afrika. "Ons gaan nooit daar kom nie."

Dit vat ure, maar uiteindelik hou die bus stil en hulle kan sien hoe Gogo vir hulle waai. "Ek was so opgewonde dat ek al van vroeg af hier wag," sê Gogo terwyl sy almal van hulle druk en soen.

"Ons was so lank op hierdie stamperige, raserige ou bus, Gogo," sê Afrika.

"Ek weet," glimlag Gogo. "Kom ons gaan huis toe. Die tee en koek staan reg en Neo en Mbali sal nou-nou by die huis wees." En dit maak Afrika so gelukkig dat hy al die pad na Gogo se huis glimlag.



Terwyl Gogo die koek sny, sê sy: "Toe ek jonk was, het ons nie busse gehad nie. Nou is daar karre, taxi's, busse, treine …"

"… en vliegtuie," sê Neo toe hy saam met Mbali in die vertrek instap. Afrika spring op om sy maats te groet. Hy is so bly om hulle weer te sien.

Mbali kyk rond. "Njamm, njamm," sê sy en wys na die koek.

Gogo lag en gee vir elkeen van hulle 'n snytjie koek. "Josh, Hope en Bella sal môre kom kuier," sê sy.

"En Noodle," sê Mbali.

"En Noodle," knik Gogo.



Die volgende dag is almal vroeg wakker. "Soos ek jou maats ken," sê Mme wa Afrika, "sal hulle hier wees voor julle klaar ontbyt geëet het." Net toe hoor hulle 'n geblaf.

"Hokaai, Noodle!" roep Bella toe Noodle voor haar by die vertrek inhardloop. Noodle is baie bly om almal te sien.

En toe kom Josh en Hope ook daar aan en almal begin gelyk praat. Gogo druk haar ore toe. "Eet gou klaar, en dan kan julle weg wees!" sê Gogo en stuur die ouer kinders en Noodle buitentoe om te gaan speel.

"Josh," sê Afrika, terwyl hy Josh se rolstoel na die veld toe stoot, "onthou jy die vorige keer toe ek hier was en jy die vlieërkompetisie gewen het?"

"Ja," lag Josh. "Ek sal dit nooit vergeet nie."

"Wel, kom ons hou 'n papiervliegtuigkompetisie," sê Afrika en haal 'n tekening van sy papiervliegtuig uit.

"Joe, dis so cool," sê Josh. "Ek wil eendag 'n vlieënier wees. Maar wag! Ek wil vir julle wys hoe om te vlieg. Doen wat ek doen," roep hy.

Josh sprei sy arms uit en toe sing hy:
"Wieg links, wieg regs. Wieg regs, wieg links.
Sprei jou arms en maak jou oë toe.
Op, af en om en om. Ons vlieg, dis hoe!"

Afrika, Neo, Bella en Hope speel gou saam. Terwyl Josh al in die rondte draai in sy rolstoel, hardloop die ander singend en laggend met uitgestrekte arms al om hom. En natuurlik speel Noodle ook saam! Hulle stop eers toe almal uitasem is.



"Kom ons maak nou papiervliegtuie," sê Afrika. Hy maak sy rugsak oop en haal 'n paar velle papier uit. "Ek sal julle wys wat om te doen."

"Ek wens hulle het dit vir ons in die skool geleer," sê Hope terwyl sy Afrika se instruksies volg.

Toe almal klaar is, sê Afrika: "Voor jy jou vliegtuig gooi, moet jy besluit waarheen jy wil vlieg. Wanneer jy jou vliegtuig in die lug gooi, sê die naam van die land waarheen jy jou vliegtuig stuur. Een, twee, drie – VLIEG!" Hulle gooi almal hul papiervliegtuie in die lug op.

"Ek stuur myne Zimbabwe toe!" sê Neo.

"Myne gaan Engeland toe!" sê Bella en Hope gelyktydig.

"Brasilië!" sê Afrika.

"Japan!" sê Josh.

Die kinders lag terwyl hulle kyk hoe hul vliegtuie deur die lug vlieg. Noodle hardloop blaffend rond en probeer die papiervliegtuie vang!

"Nou weet julle dat 'n mens nie in 'n regte vliegtuig hoef te wees om te kan vlieg nie," sê Josh.



"Wag! Stop, Neo! Waarheen gaan jy?" vra Afrika.

"Huis toe," lag Neo, "ek's honger!"

"Ek ook," sê Bella.

"Woef!" sê Noodle.

Hope kyk na haar horlosie. "Ons is laat vir middagete," sê sy. "Ons beter hardloop."

"Nee," sê Josh. "Kom ons vlieg!" Hulle lag almal, strek hul arms uit … en vlieg huis toe.






Maak 'n kenteken!

1. Sny op die rooi stippellyn om die kenteken uit te knip.
2. Kleur die prent in.
3. Sny 'n sirkel wat net so groot soos die kenteken is uit dun karton – gebruik byvoorbeeld 'n graankosboks.
4. Gebruik gom om die kenteken op die karton vas te plak.
5. Gebruik kleefband of maskeerband om 'n haakspeld aan die agterkant van die kenteken vas te plak. Of maak 'n gaatjie aan die bokant en ryg 'n stukkie wol of tou daardeur sodat jy dit om jou nek kan hang.
6. Geniet dit om jou kenteken te dra terwyl julle stories lees en daarna luister op Wêrelddag vir Hardop Lees.





Stuur vir ons foto's van jou kinders met hulle kentekens vir Wêrelddag vir Hardop Lees. Stuur dit per e-pos aan info@nalibali.org of deel dit met ons op ons Facebook-blad!

FUNda SONKE Loyalty Programme

Het jy al by Nal'ibali se FUNda Sonke Loyalty Programme aangesluit? Gaan na **www.nalibali.mobi** om vandag 'n lid te word, en verdien belonings terwyl jy ander inspireer om te lees. Voltooi ons geletterdheids-uitdaging vir Wêrelddag vir Hardop Lees en verdien punte!



Oor Nal'ibali

Nal'ibali (isiXhosa vir "hier is die storie") is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê, sodat lees, skryf en die deel van stories – in al die Suid-Afrikaanse tale – deel van die daaglikse lewe word.

Sedert 2012 werk Nal'ibali saam met verskeie vennote in die staat, burgerlike samelewing en besigheid om seker te maak elke Suid-Afrikaanse kind kry geleenthede om lief te raak vir boeke en stories. Deur voorspraak, opleiding en leesmateriaal van hoë gehalte, help Nal'ibali om 'n nasie van lesers te bou.

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun.
Kontak ons op een van die volgende maniere:

nalibaliSA | @nalibaliSA | @nalibaliSA | info@nalibali.org

Nal'ibali DIT BEGIN MET 'N STORIE.

Afrikaans